Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 16/08 2019

Geagte Ouers/Voogde

1. **<u>Karoo 2 Coast – fietswedren: 22 September 2019</u>:**
   Daar is 50 voertuie wat vanaf Uniondale tot in Kynsna bestuur moet word. 19 persone het hulself beskikbaar gestel, ons kort dus nog 31 bestuurders. Bestuurders gaan met die skoolbus tot in Uniondale geneem word en weer per bus vanaf Knysna tot in Joubertina geneem word. Indien u beskikbaar is, kontak Daleen Strydom òf stuur 'n e-pos na info@hsmclachlan.co.za.

   Baie dankie aan diegene wat hulself alreeds beskikbaar gestel het vir hierdie belangrike fondsinsameling.

2. **<u>Toelatings – 2020</u>:**
   Aansoek om toelating vir 2020 tot HS McLachlan sluit op **Vrydag, 23 Augustus.** Betrokkenes sal almal teen 30 Augustus in kennis gestel wees of aansoek suksesvol was al dan nie.

3. **<u>Wiskunde-ekstraklasse</u>:**

<u>Woensdag, 21 Augustus</u>:	Gr. 6 – 7:	Mnr. Terblanche	14:15 – 15:00
	Gr. 8 – 9:	Me. Hatton-Jones	14:15 – 15:00
	Gr. 12:	Me. Hatton-Jones	14:15 – 15:00
	Gr. 10 – 11:	Mnr. Schlechter	14:15 – 15:00

4. **<u>CAMI-klasse</u>:**
   (Wiskunde, Afrikaans en Engels – gr. 1 tot 9)
   Dinsdag, Woensdag en Donderdag: 14:30 – 15:00
   Reël met juf. Riana. Om vordering in die vakke te maak, moet hierdie klasse vir 'n kwartaal lank gereeld bygewoon word.

5. **<u>Laerskoolrevue</u>:**
   Die laerskool bied op Woensdag 28 Augustus in die kerksaal 'n revue , ***# SELFIE***, aan vir die ouers en gemeenskap van die Langkloof. Die leerders is hard aan die oefen en dit belowe om 'n heerlike aand gevul met musiek en dans te wees.

   Kaartjies vir die revue is beskikbaar vananaf Dinsdag, 20 Augustus 2019 tot Dinsdag 27 Augustus 2019 , by juffrou Marisa de Kock. Daar is 'n beperkte aantal kaartjies vir die vertoning. Maak seker dat u betyds koop. Die kaartjies beloop R20 per volwassene/hoërskoolleerder en R15 vir ALLE kinders jonger as graad 8.

INTERNET GENERATION
igen
internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

As al die kaartjies uitverkoop word voor die tyd, sal daar NIE kaartjies by die deure beskikbaar wees nie.

Maak seker dat u nie hierdie geleentheid misloop nie.

Deelnemers aan die revue oefen Donderdagaand, 22 Augustus, en Maandagaand, 26 Augustus. Vervoerreëlings sal volgende week aan die ouers bekendgemaak word.

6. **Oppie-Tong-af-redenaars:**
Op Vrydag, 23 Augustus, neem die volgende leerders aan die redenaars by Hoërskool Pearson in P.E. deel: Hermi Vosloo, Xander van der Westhuizen, Miencke Strydom, Taryn Uithaler, Adri van Wyk en Ané Joubert. Ons wens hulle sterkte toe.

7. **Langklooffees: 23 – 27 Oktober 2019:**
Koop betyds u kaartjie om teleurstelling te voorkom.

Indien u 'n elektroniese betaling doen, e-pos die bewys van betaling aan Daleen of Augusta soos aangedui.

Bankbesonderhede:

Rekeningnaam:	Langklooffees
Bank:	FNB Joubertina
Takkode:	210315
Rekening nommer:	620 2722 6978
Verwysing:	**U naam en betrokke aktiwiteit**

Let asseblief daarop dat die betalings vir die Langklooffees nie in die skoolrekening inbetaal moet word nie.

Datum:	Aktiwiteit:	Plek:	Koste:	Kaartjies beskikbaar by:
Wo. 23 Okt	Vrouedag	Kerksaal	R130	Daleen Strydom 042 – 2731335 info@hsmclachlan.co.za
Vr. 25 Okt.	Adam & Demi Lee	George McLachlan- saal	Tafels: R170 (ongeag ouderdom) Rye stoele: R120 [Volw/HS-leerders] R90 [LS/VS/ Pensioenarisse]	Augusta Mattheus 042 – 2731335 admin@hsmclachlan.co.za
Sa. 26 Okt. 08:00	"Colourwalk"	McL- sportgronde	R80 [Sluit hektoegang in.]	Inskrywingsvorm beskikbaar by: Daleen Strydom 042 – 2731335 info@hsmclachlan.co.za

Braaivleisstalletjie:
Ons is dringend opsoek na skape en hout. Indien u ons hiermee behulpsaam kan wees, kontak asseblief vir Michelle Terblanche by 083 788 3648.

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

8. **Sportnuus:**

- Rugby- en netbalwedstryde: Saterdag, 17 Augustus:
  Op Saterdag, 17 Augustus, gaan die volgende spanne aan HS Bonzai in P.E. se sportdag deelneem:
  Rugby: 0/17
  Netbal: 0/14A+B; 0/15; 0/17

  Bustye: Bestuurder: M. Jafta — Toesighouer: Deon Lyons

Misgund:	04:45
Louterwater:	04:55
Krakeel:	05:05
Skool:	05:20
Ravinia:	05:30

- Netbal 0/8/9B:
  Die o/8/9B gekombineerde netbalspan neem Woensdag, 21 Augustus, aan 'n vriendskaplike B-span-netbalmiddag deel. Die spelers is reeds in kennis gestel. Die bussie vertrek om 12:40 vanaf die skool. Sterkte aan die meisies met hul eerste wedstryde.

- Laerskool Stulting: Sportdag – 24 Augustus:
  Die volgende spanne neem deel:
  Rugby: 0/7; 0/9B; 011B en 0/13B
  Netbal: 0/9A; 0/10A; 0/11A; 0/12A; 0/13A

- Hoërskoolsport:
  Hoërskool sportoefening vir die kwartaal is afgehandel.



Stan Pienaar
Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
stan@hsmclachlan.co.za
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 273 1335
Cell: +27 (0) 83 546 2788
Fax: +27 (0) 42 273 1210